UNIVERSITEIT STELLENBOSCH >>

nuusbrief no.3 / 2007
september 2007

IN HIERDIE UITGAWE:
IN THIS ISSUE:

- 2008 inskrywings!
- verwelkomingsprogram
- meer as net 'n visboer
- hockey teams geard-up for national club championships
- maties weer klubkampioene!

Navrae / Enquiries

Sentrum vir Voornemende Studente /

Centre for Prospective Students
tel: (021) 808 4709
e-pos / e-mail: maties@sun.ac.za
webpage: www.maties.com

Laaste paar dae oor vir 2008 inskrywings

As jy nog volgende jaar aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer, en nog nie jou aansoekvorm ingestuur het nie, moet jy vinnig-vinnig jou papierwerk agtermekaar kry. Inskrywings vir nie-keuringsprogramme sluit binne enkele dae - op 30 September.

Aansoeke vir keuringskursusse soos MB,ChB, B in Arbeidsterapie,BSc in Fisioterapie, BSc Dieetkunde, B in Spraak-Taal-en Gehoorterapie, BDram en BRek, asook aansoeke om koshuisverblyf het reeds vroeër vanjaar gesluit.

Belangrik:

Jy hoef nie nog rond te soek vir 'n aansoekvorm nie – doen sommer aansoek op die **internet** . Om die elektroniese aansoek te gebruik, moet jy oor 'n geldige e-pos adres beskik.

Vir meer inligting oor die aansoekproses, vorms en betalings, kontak (021) 808 4515 of usbritz@sun.ac.za

Verwelkomingsprogram 2008 / 2008 Welcoming programme **<< to top**

Die Verwelkomingsprogram van die Universiteit begin reeds op Donderdag, 24 Januarie 2008 vir beide Stellenbosch- en Tygerbergkampusse met die verwelkoming van nuwelingstudente en hul ouers op die onderskeie kampusse. Meer inligting oor die dag se verrigtinge word in 'n boekie genaamd die “Verwelkomingsprogramboekie vir Nuwelingstudente en hul Ouers” uiteengesit. Hierdie boekie verskaf meer besonderhede aangaande die Verwelkomingsprogram en ander algemene reëlings wat vir jou van belang is en word teen die einde van Oktober aan jou gepos. Indien jy teen einde November nog nie die boekie ontvang nie, kan jy die Navrae-toonbank van die Universiteit by 021-808 4515 skakel en 'n boekie sal aan jou gepos word. Die boekie sal ook vanaf 1 November op die Universiteit se webblad by www.sun.ac.za/welkom vir die Afrikaanse weergawe en www.sun.ac.za/welcome vir die Engelse weergawe beskikbaar wees.

Gedurende die Verwelkomingsprogram wat vanaf 24 Januarie tot 2 Februarie 2008 duur, volg jy die verwelkomingsprogram van die fakulteit waaronder jy gaan studeer. Ons verwag van alle eerstejaars om die volledige program by te woon - daar is baie moeite gedoen om 'n program te ontwerp wat jou effektief sal laat inskakel. Studente ontvang die volledige program op Donderdag, 24 Januarie 2008 in die vorm van ‘n spesiale uitgawe van Die Matie studentekoerant, nl die VerwelkomingsMatie.

Students at the Tygerberg campus register on Friday 25 January 2008. During the welcoming period some of the activities entail academic guidance in faculty context, registering as a student and registering at the Computer User Areas. A programme for general and social integration will also be followed and ends on Saturday 2 February with the Rag-procession. On Monday, 4 February 2008 classes start for all students.

We look forward to receiving you here at Matieland and wish you all the best for your studies.

Akwakultuur - meer as net 'n visboer **<< na bo**

Het jy geweet mens kan met visse én reptiele boer? Beslis! En sommer op groot skaal. Mens noem dit Akwakultuur!

Akwakultuur is 'n ontluikende bedryf in Suid- en Suider-Afrika, maar is sommer al goed gevestig in China, Asië, Europa en Noord-Amerika.

Akwakultuur is die beheerde produksie van waterlewende organismes soos visse, skulpdiere, skaaldiere en reptiele. Dit is die wêreld se vinnigste groeiende voedselproduksie industrie, en is dus die bedryf van die toekoms. Daarom kan jy nie 'n fout maak om die studierigting Akwakultuur, wat deel is van die 4-jarige BSc. Agric-graad te oorweeg nie.

Dit berei jou voor vir toetrede tot 'n beroep in Akwakultuur as 'n navorser, konsultant, diensverskaffer, bestuurder of entrepreneur.

Daar word reeds met meer as 300 see- en varswaterspesies kommersieel geboer, terwyl 40% van die vis wat ter wêreld geëet word, reeds afkomstig is van sogenaamde “visboerderye”.

Wat behels die kursus?

- Jy leer oor die hele waardeketting, van reproduksiefisiologie, voeding, teling, water-ekologie en behuising, gesondheidsbestuur tot prosessering en produkontwikkeling.
- Jy kan Akwakultuur onder meer kombineer met Landbou-ekonomie, Bewaringsekologie sowel as Diereproduksie (Dierefisiologie, Dierevoeding en Diereteling).
- Jy kan ook nagraads verder hierin studeer.

Meer inligting?

Kontak die Divisie Akwakultuur in die Fakulteit AgriWetenskappe by (021) 808 5838 of db@sun.ac.za.

Nicola Ruivo, 'n MSc-student in die diermolekulêre studierigting, besig met die genetiese ontleding van perlemoen.

Maties Men's and Women's Hockey teams geared-up for National Club Championships << to top

The Maties Men's and Women's Hockey teams will be making history when they represent the Western Province (WP) at the SA Hockey Club Championship held from 21 to 23 September in Pietermartizburg.

The Maties Men's hockey team has only managed to scoop this title once, back in 1979, while the Women's team has since 1983 claimed the title an amazing 13 times! The women's team will be a tough one to beat as they have 11 national players in the squad.

The Women's team ensured their place in the National Club Championships when they beat Ikeys 8-0 for the Western Province Big Challenge title. It was the eighth year running that they claimed the title. The Men's team beat their opponents, WPCC, 2-1 in a match filled with heart-stopping action.

The two teams that will be competing in Pietermaritzburg are:

Men
Cuan Burton-Moore, Gregg Davis, Pierre de Voux, Gregg Drake, Rob Grant, Warren Grobler, Rudi Huysamen, Paul Jordaan, Jacques le Roux, Stuart Ledeboer, Shaun McIntyre, Craig Mullon, Stephen Taylor, Clive Terwin, Simon van Helsdingen en David Wilson. Simon Organ (coach), Ludwig Gerstner (manager) and Michael Finn (trainer)

Women
Leigh Boardman, Tarryn Bright, Cindy Brown, Henna du Buisson, Farah Fredericks, Kate Hector, Taryn Hosking, Elzanne Jacobs, Caryn mart, Lenise Marais, Mariëtte Rix, Shelley Russel, Vida Ryan, Vidette Ryan, Helen Taylor, Kathleen taylor, Jenny King (coach), Jilly Dix (manager) and Karin Hugo (trainer)
.

Maties is weer klubkampioene! < na bo

Die FNB Maties Rugbyspan is Saterdag as die wenners van die Nasionale Klubkampioenskapstoernooi in die Danie Craven-stadion gekroon. Hulle het die Universiteit van Pretoria, die Tukkies, met 24-8 geklop. Die Maties het ook die toernooi in 2005 gewen en dit is dit twaalfde keer in die bestaan van die toernooi dat die Maties die silwerware huis toe bring.

In 'n wedstryd waarin die spanne geen genade vir mekaar betoon het nie, het die Maties telkens daarin geslaag om die telbord aan die gesels te hou en as dit nie was vir 'n paar ongedwonge foute nie, kon die telling moontlik groter wees.

Alhoewel die rustydtelling net 6-3 in die Maties se guns was, was dit duidelik dat die Maties oor meer skietgoed beskik het. Die Tukkies het egter deurentyd hard aangeval, maar die kookwater

voorspelers van die Maties het hulle nie laat onderkry nie. Een van die hoogtepunte van die wedstryd was 'n oorstootdrie nadat die Maties die Tukkies vir 'n goeie 20 meter teruggedryf het.

Vir die Maties het Sarel Potgieter en Bennie Booysen gaan druk terwyl Henoe Stoffberg met 'n doelskop en vier strafskoppe in die kol was.

Vir sy leeue-aandeel in die wedstryd is Bennie Booysen as speler van die wedstryd beloon. Hy is egter nie al Matie wat beloon het is nie. Elgar Watts is as agterspeler van die toernooi aangewys en Wesley Wilkens as voorspeler van die toernooi.

Die Maties het in hul opmars na die titel eerstens vir Buffalo van die Grens 91-20 afgestof en daarna 51-10 met verlede jaar se naaswenners, College Rovers van KZN, klaargespeel. Harder teenstand het gekom in die vorm van Old Greys van Bloemfontein, maar die Maties was met 26-20 baas.

www.maties.com
click to go

Kanselleer ontvangs / Unsubscribe